Hoërskool Rustenburg

STIGTINGSDATUM: 1922
LEUSE: NOSCE TE IPSUM (KEN JOUSELF)
ADRES: VON WIELLIGHSTRAAT, RUSTENBURG
WWW.HS-RUSTENBURG.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

Hoërskool Rustenburg is in 1922 gestig. Sedertdien het dit in een van die voorste skole in Noord-Wes en Suid-Afrika ontwikkel. Die skool het 1570 leerlinge en 'n personeel van 70.

Rugby by Rustenberg

Hoërskool Rustenburg se rugby is die ene tradisie. Hul groen en oranje trui het sedert die skool se stigting onveranderd gebly. Die 1ste-span kom altyd uit die hoek van die veld op; nooit van die middel nie. In 2007 het 'n nuwe tradisie ontstaan toe 'n lemoenboom vir die pret geplant is op die hoofveld van Hoërskool Brits, Rustenburg se nuwe opponent. Die boom staan nou in Brits se voorportaal. 'n Lemoenboom is deel van Rustenburg se wapenskild. Voorheen was Bergsig 'n tradisionele opponent, maar namate Rustenburg in grootte en krag toegeneem het, het hierdie derby verval. Dieselfde geld Wagpos. Dit was gepas dat Brits, wat net 'n kort rit van Rustenburg geleë is, die skool se grootste opponent sou word. Hierdie derby is straf en intens. 'n Mens sou kon sê dit herinner aan die toets op die Royal Bafokeng Sport Palace toe die Springbokke in 2006 met die magtige All Blacks afgereken het. Dit was die eerste keer dat Rustenburg 'n toets aangebied het. Gerrie Theron, Morné Engelbrecht, Gerhard Mostert en Johan Jackson is almal vir provinsiale spanne gekies, maar Drikus Hattingh is die enigste oudleerling wat sover vir die Springbokke gespeel het. Hy het sy ou skool in vier toetse tussen 1992 en 1994 verteenwoordig.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Drikus Hattingh

"Rustenburg se rugbyfilosofie behels meer as net 'n spel wat op 'n Saterdag gespeel word. Dis 'n lewenswyse. In 'n poging om 'n erfenis te laat vir die wat nog moet kom, streef die spelers om wenners op en van die veld te wees. Ons glo vas dat die waardes wat op die veld ingeprent word, bydra tot die vorming van individue wat 'n verskil kan maak."

— Breier Bertie Grobbelaar